# *Afrikaans Eerste Addisionele Taal*

# *Graad 10*

# *Begripstoets*

## Teks:Frozen

1. Welkom in die wonderlike Koninkryk van Arendelle, waar daar al vir jare lank ’n yskoue winter is!
2. Frozen, Disney se 53ste tekenprent, is ’n goeie rolprent vir die hele gesin. Die verhaal is gegrond op Hans Christian Anderson se sprokie (fairytale), Die Sneeukoningin. Elsa en Anna is sussies en albei is prinsesse van Arendelle. Prinses Elsa het spesiale towerkragte (magical powers): sy kan ys en sneeu maak. Sy sukkel om hierdie mag te beheer en haar kleinsus, Anna, word beseer.
3. Jare later, tydens Elsa se kroning (coronation), raak haar mag weer buite beheer ensy vlug bang weg. Maar sy laat die Koninkryk van Arendelle agter in ’n ewige winter. Anna is die enigste persoon wat Elsa kan help en só die koninkryk van
   die koue kan bevry, maar dit gaan nie maklik wees nie!
4. Die ander karakter in Frozen is die Duke van Weselton, die aantreklike Kristoff, Hans, ‘n oulike prins, Sven, ‘n takbok en Kristoff se beste vriend en Olad, die sneeuman wat Elsa geskep het en mal is oor warm drukkies. Frozen is ‘n rolprent wat jy beslis moet gaan kyk!

## Vrae:

1.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A –D) neer:

*Frozen* is ’n goeie rolprent vir die hele gesin. Dit beteken –

A. dat Ma en Pa, en jy en al jou boeties en sussies en selfs Ouma hierdie rolprent sal geniet.
B. dit is ’n rolprent wat net grootmense (volwassenes) mag sien.

C. dat, as jy van avontuur hou, dit net die rolprent vir jou is.
D. dat dit ’n fliek is vir kinders van tien jaar oud en selfs jonger. (1)

1.20 Wat kan prinses Elsa doen wat ander prinsesse nie kan doen nie? (1)

1.21 Prinses Elsa se spesiale towerkragte het partykeer negatiewe gevolge (*consequences*). Noem TWEE gevolge van prinses Elsa se towerkragte wat bewys dat hierdie stelling WAAR is. (Skryf die antwoord in jou EIE woorde.) (2)
1.22 Watter WOORD in paragraaf 2 sê vir ons dat die winter in die Koninkryk van Arendelle baie lank aangehou het? Skryf net die WOORD neer. (1)

1.23 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die antwoord neer: Olaf is ’n (takbok/’n sneeuman/’n prins) wat baie van warm drukkies hou. (1)

1.24 Van watter karakter in *Frozen* sal jy die meeste hou? Gee ook ’n rede vir jou antwoord. Begin jou antwoord so: Ek hou van ..., want ....